

Is 'n Skaapvertakking in winterreënval saaiboerdery 'n winsgewende investering?

(Artikel deur dr. Willem Hoffman, Stellenbosch Landbou-ekonomie - Mei 2014)

1. Inleiding

Die afgelope 3 jaar was goed vir saaiboere in die Suid-Kaap wat betref pryse van grane, maar daar is ook goeie oeste behaal in die gebied. Tradisioneel word in die Suid-Kaap gebruik gemaak wat 'n langer lusern weidingsfase wat benut word as weiding vir veevertakkings. Daar is verskeie bestaande veevertakkings wat wolskaap, vleisskaap, melkerye, volstruise en vleisbeeste insluit, vir die doel van hierdie artikel word egter op dubbeldoel wol/vleis skaap gefokus. Die lusern weidingsfase speel natuurlik ook 'n belangrike rol in die wisselboustelsel en dien onder andere as stikstofbinder en breek die lewensiklus van verskeie onkruid, peste en siektes in kontantgewasse soos koring, gars, canola en hawer. Die dilemma waarmee die produsent sit is dat ten tye van goeie graanpryse en relatief hoe opbrengste, die veevertakking die potensiële winsgewendheid van die plaas verlaag, aangesien die inkomste uit die veevertakking gewoon nie die inkomstes van kontantgewasse kan haal nie. Die gevolg is dat verskeie produsente wegdoen met die veevertakking ten einde die beter inkomste van graan te benut. Daar is natuurlik ook bydraende faktore wat veeboerdery tans onder druk plaas wat veediefstal, roofdier beheer en die vraag na arbeid en so meer insluit.

Die rol van lusern in die wisselboustelsel is steeds belangrik, maar daar word goeie vooruitgang gemaak op die gebied met die implementering van bewaringsboerderypraktyke. Verskeie gevalle bestaan reeds waar produsente goeie resultate behaal met kontantgewasstelsels en die toepassing van minimum grondversteuring en deklaag behoud. In terme van bewaringsboerdery is vee ook 'n bydraende faktor tot kompaktering van grond, veral as vee gedurende die natter wintermaande wei.


2. Winsgewendheid

Deur bloot te kyk na bruto marge vergelykings is dit belangrik om te let op die inkomste potensiaal of te wel bruto produksie waarde van verskillende vertakkings. Tabel 1 wys die bruto produksie waarde (inkomste van vertakking), die veranderlike koste (direk en nie-direk toedeelbaar) en die bruto marge per ha vir koring, gars, canola en skaapvertakkings vir die Goue Ruens produksiegebied. Die onderliggende dilemma vir die veevertakking is dat die bruto produksie waarde basies vasgestel is aangesien beide die opbrengs en die pryse teenoor graan meer stabiel is. Graanvertakkings laat toe vir skerp opwaartse uitskieters as gevolg van prys of opbrengs binne 'n spesifieke jaar. Hierteenoor kan die veevertakking in 'n droë jaar afwaartse bruto marges behaal weens die koste van voer. Natuurlik is die graanvertakkings ook onder risiko om swak opbrengste of pryse te behaal, dit laat egter die produsent toe om in goeie jare met goeie pryse 'n stewige inkomste te genereer.

Tabel 1: Prestasie van verskeie gewasse en vee vir die Goue Ruens

Item / Vertakking	Koring	Gars	Canola	Vee
Bruto produksie waarde / ha	7360	7300	6360	4584
Veranderlike koste / ha	4200	4080	3710	2480
Bruto marge / ha	3160	3220	2650	2104


Die volhoubaarheid van boerdery lê egter in die langertermyn winsgewendheid van die boerdery en dit is juis hier waar die veevertakking tradisioneel tot sy reg kom, om as buffer te dien vir swak jare. Figuur 1 wys die toename in bruto waarde van sekere produkte (kommoditeite) in Suid-Afrika vir die periode 2001 tot 2012. Onderliggend tot die bruto waarde is natuurlik beide hoeveelheid en prys. Dit is egter duidelik dat die bruto waarde van koring meer wisselvallig is as die van vleis. Dit beteken dus wel dat die veevertakking in die swak jare (droë jare en of laer pryse) 'n buffer effek het op die kontantinkomste van die boerdery. Op hierdie punt is dit egter belangrik om in gedagte te hou dat die oorrol van 'n negatiewe bankbalans, as gevolg van rente, groot druk plaas op die winsgewendheid van die daaropvolgende produksie jaar. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat konstant hoë graanpryse direk bydra tot inflasie druk op insette wat op sy beurt die marge onder druk plaas.



Figuur 1: Die bruto waarde van verskeie komoditeite (Bron: Kortbegrip vir Landbou Statistiek 2013)

3. Plaasvlak winsgewendheid implikasies

Die kontantstroom wat die boerdery genereer is egter net een gedeelte van die konsep van winsgewendheid. Die ander belangrike gedeelte is die kapitaal wat geïnvesteer is om daardie kontant inkomste te genereer. Kapitaal in die boerdery sluit natuurlik alle fisiese bates van die boerdery onderneming in. Vir die doeleinde van hierdie artikel is 'n tipiese groot boerdery vir die betrokke area gebruik om die impak van verskeie scenario's rondom die veevertakking te illustreer.



Figuur 2: Die relatiewe bydrae van verskille bates tot die kapitaal behoefte van 'n tipiese boerdery in die Goue Ruens.

Die plaas is as tipies geïdentifiseer deur 'n groep van eksperts betrokke in landbou in die betrokke gebied. Dit sluit in aannames soos plaasgrootte, grond gebruikspatroon, tipiese opbrengste, vee-lading en investering in losgoed. Die kapitaalbehoefte vir die verteenwoordigende of tipiese plaas vir die Goue Ruens area word in Figuur 2 illustreer. Na verwagting is grond natuurlik die bate item wat die grootste waarde dra, tans is die losgoed en vee ongeveer gelyk in waarde. Losgoed sluit alle selfaangedrewe masjiene en implemente in soos wat gebruik word in die produksie prosesse deur die loop van 'n jaar. Tabel 2 wys die tipiese grondbenuttingspatroon soos wat in die model gebruik is.

Tabel 2: Grondbenuttingspatroon vir die tipiese groot boerdery in die Goue Ruens gebied.

	Ha	%
Koring	421.32	18.73%
Gars	490.55	21.80%
Canola	178.52	7.93%
Korog	0.00	0.00%
Hawer	69.23	3.08%
Lupien	64.29	2.86%
Lusern	1026.10	45.60%
	2250.00	100.00%


Die berekeningsmodel is 'n geheelboerdery begrotingsmodel wat gebaseer is op standaard rekeningkundige beginsels. Die model meet die winsgewendheid in terme van IOK (interne opbrengskoers op kapitaal investering) en die netto huidige waarde van die investering oor 'n 20 jaar periode. Opbrengste vir die verskillende graanvertakkings, soos binne die betrokke wisselboustelsels is geïnterpreteer deur verskeie eksperts betrokke by graanboerdery in die gebied. Dieselfde metode is gebruik om produksiepraktyke en gepaardgaande koste strukture te bepaal soos wat tipies in die area in gebruik is. Vir die boerdery soos vir die bronbenuttingspatroon soos geïllustreer in tabel 2 is die verwagte IOK en NHW onderskeidelik 5.74% en R30 127 666. Ander belangrike finansiële prestasies word in Tabel 3 gewys.

Tabel 3: Verskeie finansiële maatstawwe soos bereken in die model vir goeie gemiddelde en swak jare

	Goeie jaar	Gemiddelde jaar	Swak jaar
BPW	15852828	13945567	12095763
BPW/ha	6341	5578	4838
Bruto marge	8472092	6739879	4872093
Bruto marge/ha	3389	2696	1949
Bruto marge %	53%	48%	40%
NBI	6077201	4344987	2477201
NBI/ha	2431	1738	991

Goeie, gemiddelde en swak jare is gebruik om voorsiening te maak vir opbrengsrisiko vir die betrokke area. Die voorkoms en verspreiding van die goeie, gemiddelde en swak jare is ook met die hulp van eksperts betrokke by graanverbouing in die betrokke area bepaal. Die belangrike kwessie is dat die tipiese boerdery bloot as maatstaf dien vir die effek van verskillende alternatiewe en of strategie en nie 'n poging is om die finansiële prestasie van 'n boerdery in die area te bepaal nie.

Verskeie scenario's is gebruik en in die model ingevoer ten einde te verstaan wat die impak van alternatiewe strategie van veebenutting op die langtermyn verwagte winsgewendheid is. Drie scenarios is gebruik in die vergelyking. Scenario 1 word die volle boerdery slegs onder kontantgewasse bedryf, wel in erkende wisselboustelsels en volgens beste praktyke. Die nodige aanpassings is gemaak wat betref die bykomstige behoefte in masjinerie en minder arbeid is ook aangeneem. Volgens Scenario 2 word die vee op die boerdery verminder van 2.8 ooeie per ha weiding na 2 ooeie per hektaar weiding. Scenario 3 is gebaseer op die aanname dat die veevertakking uitgebrei word na 3 ooeie per hektaar weiding. In elke geval is aanpassings gemaak in die inventaris en, waar nodig, op produksiepraktyke. Daar is byvoorbeeld ekstra arbeid ingebring by die scenarios met meer vee. Die relatiewe verskil in die kapitaalbehoefte vir elke scenario word illustreer in Figuur 3.




Figuur 3: Die relatiewe bydra van verskillende komponente van die inventaris soos bepaal deur veevertakkings

Wat betref die implikasies van die scenarios soos voorgelê en die gepaardgaande inventarisse is dit belangrik om die konsep van depresierende en apresierende bates te verstaan. Dit beteken bloot dat die bates wat onder losgoed geklassifiseer is onderwerp is aan waardevermindering en mettertyd vervang moet word. Dus beteken dit dat alhoewel die kontantinkomste van die kontantgewasstelsel

binne jare beter is dat op 'n stadium daar vervanging van bates moet plaasvind. Dit verlaag dus nie net elke jaar die balansstaatwaarde nie, maar het ook direkte koste implikasies op 'n toekomstige tydstep. Aan die anderkant is die vee-komponent self inkomste genererend en neem die waarde toe, soos die waarde van grond. Dit het 'n belangrike positiewe effek op die balansstaat van die boerdery. Verder beteken dit dat as 'n boer wat tans vee het besluit om weg te doen daarmee en die fondse wat uit die verkoop daarvan gebruik word om die ekstra meganisering kapasiteit te bekom, nie die besluit sal kan herroep na die verloop van 'n paar jaar nie. Die masjiene se waarde sou daal en die van vee sou gestyg het.

Die volgende illustrasie is die van die buffer effek soos wat die veevertakking teweeg bring in die boerdery. Vir die doel is verskeie prys scenarios vir grane en vir lewendige hawe gebruik. In die scenarios een tot vier is die prys van koring, gars en canola onderskeidelik met intervale van tien persent verbeter en verswak van die huidige prysvlak. In scenario's A tot E is dieselfde gedoen met vleis en wol terwyl die graan pryse konstant gehou is. Figuur 4 dui die implikasies aan van die prysveranderinge. In scenario een, twee, A en B is die pryse van grane en lewendige hawe produkte dus verhoog met 10% en 20%. Dit is eerstens belangrik om te let daarop dat die verwagte effek op winsgewendheid van 'n 10% verandering in prys bykans 20% is. Dit is redelik tipies in boerdery aangesien die vastekoste komponent die implikasie tussen bruto marge en netto boerdery Inkomste aksentueer, alhoewel dit 'n vaste bedrag is waarmee die bruto marge toeneem of afneem. Dit is verder duidelik dat effek van graanpryse vir beide positiewe en negatiewe prysbeweging heelwat meer drasties is as wat die geval is by lewendehawe produkte. Dit beteken dus dat graanvertakkings wel die geleentheid van kontantinkomste in goeie jare beter kan benut, maar dat veevertakkings wel die negatiewe impak van swak jare kan buffer.



Figuur 4: Die absolute en relatiewe implikasie van prysveranderinge op verwagte IOK van die tipiese boerdery in die Goue Ruens area

4. Samevatting

Kontantinkomste is uiteraard belangrik in die landboubesigheid omgewing. Dit is egter belangrik dat produsente wat tans in die posisie is om te kan wegdoen met 'n veevertakking in 'n graanboerdery oorweging behoort te skenk aan 'n paar kwessies wat nie op die oog af duidelik is met 'n vergelyking op bruto marge vlak nie. Die implikasies van vee op die balansstaat is veral belangrik aangesien dit groei op bate waarde en dus ekwiteit beteken. Daar is wel tans geleentheid om goeie inkomste te maak met graanvertakkings, die besluit om weg te doen met vee moet egter met versigtigheid geneem word.

